

Hoofstuk van die dag: 1 Korintiërs 3

> *… elkeen se werk sal aan die lig kom. Die dag wanneer Christus kom, sal dit duidelik word. Die dag kom met vuur, en die vuur sal die gehalte van elkeen se werk toets. (1 Kor 3:13)*

Daar was ’n tyd toe ek gedink het, solank ek in Jesus as my Verlosser glo, is die saak reg. En dit ís natuurlik so. Ons sal nie eendag by die hemelpoorte moet staan en verduidelik hoekom ons ingelaat moet word nie; Christus se offer het die oordeel weggevat (Rom 8:1).
Dit is egter nie die hele verhaal nie. Paulus herinner ons daaraan dat ons werke getoets sal word wanneer Christus weer kom. Dit máák saak of jy in gehoorsaamheid aan Christus elke dag as navolger leef deur dade van barmhartigheid en etiese keuses, deur iemand van integriteit te wees, heilig met jou eggenoot te leef, ens. Dit maak egter óók saak as jy nié getrou is in die uitleef van jou geloof nie; as jy mense benadeel, as jy leuens vertel, selfsugtig is …
Ek sien in my geestesoog hoe my werke deur vuur getoets word, en hoe daar dinge is wat ek gedoen het, wat sal wegbrand. Ek wil tog nie soos een wees wat uit die vuur geruk is nie (vers 15)!



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant

Hoofstuk van die dag: 1 Korintiërs 2

> *Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word. (1 Kor 2:14)*

Ek was al dikwels verstom oor mense se totale onvermoë om dít wat glashelder in die Bybel staan, te verstaan. Dit staan dan daar swart op wit! Paulus verduidelik in vers 14 hoekom dit so is. Ons het die Gees van God se verheldering nodig om die Bybel te kan verstaan en te interpreteer. Sonder die Gees se leiding maak dinge wat vir ’n gelowige vanselfsprekend is, net nie sin nie.
Dit is futiel om met ongelowiges in ’n polimiek betrokke te raak oor die Bybel en die interpretasie daarvan, soos helaas dikwels op sosiale media gebeur. Jy en jou gespreksgenoot gaan eenvoudig nie bymekaar uitkom nie.
Daarom, in plaas daarvan om met iemand te stry oor die Bybel en hoe om dit te verstaan, moet jy eerder bid vir die verheldering van die Gees, vir jou gespreksgenoot, én vir jou. Want die Bybel is die boek van die Gees; dis onder sý leiding en inspirasie geskryf, en dit moet onder sý leiding en

verligting gelees word.



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Hoofstuk van die dag: 1

Korintiërs 1

> *Aan die gemeente van God in Korinte, wat Hy vir Hom in Christus Jesus afgesonder en geroep het om aan Hom te behoort … (1 Kor 1:2)*

Wat sien jy as jy na mense kyk? Kyk jy soos Jesus en Paulus?
Ons kry ’n mooi voorbeeld van hoe Jesus na mense gekyk het in die genesing van die blinde Bartimeus (Mark 10:46-52). Die mense het Bartimeus as ’n probleem gesien; Jesus kyk na hom en sien iemand wat Hom nodig het. Dís hoe Paulus ook gekyk het: met God se oë. Daarom sien hy mense vir wie Jesus aan die kruis gesterf het, mense in wie se lewens God aan die werk is. Dís sy eerste gedagte as hy na Korinte met al hulle probleme kyk (vers 2).
Om só te kyk, kom nie vanself nie. Dis iets waarin ons ons moet oefen – om mense te sien as mense vir wie God só liefhet dat Jesus vir hulle kom sterf het, en nie eerste as sondaars van wie ek niks hou nie.
Só word God se liefde en ontferming deur ons sigbaar in die wêreld. Só word ons ’n venster vir die wêreld om te sien hoe dit lyk waar Jesus Koning is.



Hoofstuk van die dag: Inleiding tot Korintiërs

Hierdie kort video gee jou ’n goeie oorsig oor die brief:



Hoofstuk van die dag: 1 Korintiërs 16

> *Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar, sodat die geldinsameling nie eers plaasvind as ek kom nie. (vers 2)*

Geld was nog altyd vir party mense ’n versoeking. Daarom skryf Paulus elders dat geldgierigheid die wortel van alle kwaad is (1 Tim 6:10; kyk ook na Heb 13:5). Waag ’n predikant dit om oor dankoffers te preek, is daar dadelik ’n paar ontevredenes. Die waarheid is egter dat dankoffers ’n integrale deel van ons geloof is. Dit was al so in die Ou Testament, en in die eerste gemeente in Jerusalem (Hand 4:32 en 5:1-11).

Paulus het oral in die gemeentes wat hy gestig het, geld ingesamel vir die gelowiges in Jerusalem. Interessant dat hy nie die klem laat val op hoe nodig die armes in Jerusalem die geld het nie. Hy verduidelik eerder dat gereelde dankoffers

deel van jou dankbaarheid voor die Here moet wees. Hy lê nie ’n vaste bedrag neer nie maar sê elkeen moet na vermoë dít gee wat hulle vooraf gereed gekry het. In 2 Kor 9:5 sê hy dit moenie iets wees wat afgepers word nie.

Dalk is dit tyd om weer ’n slag oor jou dankoffer te besin?

Naskrif: *Ons gaan môre die boek Spreuke begin lees. Seënwense!*



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke
  - Potgooi van die preke
- Meer oor …
  - Jaco se Bybelkoerant
  - Die Bybelkoerant-konsep
  - Jaco Thom
  - My boeke
  - Privaatheidsbeleid
  - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
  - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Hoofstuk van die dag: 1 Korintiërs 15

> *Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. (vers 3-4)*

Die evangelie oor Jesus Christus vorm die hart van die geloof, sê Paulus. Die boodskap van Christus se kruisdood en opstanding is die anker waaraan ons moet vashou in ’n wêreld wat baie ánder dinge as goeie nuus verkondig, want hierdie nuus kan jou red (vers 2). As jy aan iets anders vashou, het jy tevergeefs tot geloof gekom. Geloof vra dat ons die boodskap van God se verlossing in die Here Jesus met albei arms moet omhels.

Ons is baie meer aangegryp deur Jesus se dood as deur sy opstanding. Ons fokus baie meer op sy sterwe vir ons sondeskuld, as wat ons gewillig is om met vreugde sy navolgers te wees, nuut te lewe, oorwinnend te lewe. Ons steek in ons geloofslewe vas by die kruis.

Die evangelie roep ons op om óp te staan van ons knieë en jubelend agter Jesus, die Oorwinnaar oor sonde en dood, aan te loop. Om in sy krag nuut te leef met die mense om jou, in die gemeente, in jou werk.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026